| 4 September | NG Gemeente Kogelberg | 2026 |
|---|---|---|

# Eerste Gelui

## NUUS VANUIT DIE GEMEENTE




## SONDAG 6 SEPTEMBER 2026 SE EREDIENSTE:

| 08:00 | 09:00 | 10:00 |
|---|---|---|
| **Kuierkerk** | **Hangklipkerk** | **Kleinmondkerk** |
| Heinrich Carstens | Stephan Naudé | Johannes Froneman |
| **1 Samuel 17:1 - 58** | **Esegiël 33:1-11** | **1 Samuel 16:13** |

LIG | DEERNIS | HOOP


Is jou "reuse" regtig so groot en sterk as wat hulle lyk?
1 Samuel 17:1 - 58
LIG | DEERNIS | HOOP
NG GEMEENTE KOGELBERG
6 September 2026
08:00
Kuierkerk
Heinrich Carstens


Keer terug!
Esegiel 33:1-11
Daar is nog lewe.
Stephan Naude
Hangklip @ 09:00


LIG | DEERNIS | HOOP
NG GEMEENTE KOGELBERG
Die groot verhaal
6 September 2026
10:00
Kleinmondkerk
Johannes Froneman
1 Samuel 16:13

LIVE

Kleinmondkerk se erediens word op ons YouTube-kanaal uitgesaai.

YouTube

https://www.youtube.com/@NGKerkKleinmond

*Lidmate wat voorbidding nodig het...*

Johan van Zyl (PM2)

So kan jy 'n finansiële bydrae maak tot ons gemeente se bedieninge:

**Bankbesonderhede**
**ABSA**
**NG Kerk Kleinmond**
**3220 150 320**

SnapScan

# Deuroffers

## Sondag 6 September




## Sondag 13 September



# Program vir die week

6-13 Sep 2026

## Sondag 6 September

***17:00***
Kogelberg Kids (Kerksaal)

## Maandag 7 September

***11:30*** Preekwerksgroep (Kapel)

## Dinsdag 8 September

***09:00*** Hangklip Gebedsgroep

***11:00*** Gerimed Gebedsgroep

***16:30*** Kleinmond Gebedsgroep

Wyksbyeenkoms
HK3
Dinsdag 8 Sep
15:30
Hannes Smit
Irislaan 3

## Woensdag 9 September

***11:00*** Normaalklas vir Vrouebybelstudie (Kapel)

***17:00*** Dissipelskap Reisgenote (Hangklipkerk)

***18:30*** Dissipelskap Reisgenote (Kleinmondkerk)

Wyksbyeenkoms KB 1 en 2
Woensdag 9 Sep om 10:00
Japie Truter
Swartrivierweg 43

## Donderdag 10 September

***06:00*** Hangklip Mannegroep

***06:30*** Kogelberg Mannegroep

***10:00*** Naaldekokers (TYD-kuierruimte)

welkom

# NUWE INTREKKERS

by ons in die NG Gemeente Kogelberg. Kom maak asseblief ‘n draai by die kerkkantoor of gee jou kontakbesonderhede vir een van ons dienswerkers of wyksouderlinge. Ons sal jou graag wil besoek!

## KERKKANTOORure

| Maandag - Vrydag | 10:00 - 13:00 |
|---|---|

**KONTAKBESONDERHEDE**

Telefoon: 028 271 3470
E-pos: info@ngkogelberg.co.za
Whatsapp: 076 134 7157

DRAERS VAN | VERSKILMAKERS MET | AMBASSADEURS VAN
LIG | DEERNIS | HOOP
NG GEMEENTE KOGELBERG
ROOIELS | PRINGLEBAAI | HANGKLIP | BETTYSBAAI | KLEINMOND | ARABELLA



## ’n Sterk kultuur-aar raakgeboor

Fanie Krige

BETTYSBAAI – ’n Sterk kultuur-aar in die Hangklip–Kleinmond-area is Vrydagaand raakgeboor met die Hangklipkerk se nuwe konsep van ’n Mandjie- & Musiek-aand, wat die plek ingeneem het van die tradisionele Sop-en-Sjerrie-byeenkoms.

’n Mens kry deesdae selde die geleentheid om ou volksliedjies en toeka se treffers saam met ander te sing. Altesame 150 geesdriftiges het die saal volgepak, en met tien musikante op die verhoog het ’n mens sommer geweet dinge gaan kook. Kort voor lank het die voete gejeuk en is daar ’n treintjie gevorm wat verskeie kere deur die saal beweeg het.

’n Vonds op die verhoog was die bekfluitjiespeler Dolf Scheepers, wie se klanke die gehoor só bekoor het dat hy gevra is om ’n meer prominente plek in te neem. Die Vrolike Musikante is deur Sedrick Taljaard bymekaargemaak en het bestaan uit Anelma East op klavier, Giel Maree op dromme, Serfie Potgieter op kitaar, Hanlie Haasbroek op baskitaar, Trix Buckle met die tamboeryn, en die sangers Adele Scheepers, Judy Viljoen en Johann Botha.

Die organiseerders, onder leiding van Sandra Taljaard, het met die voorbereiding van die saal ruimte geskep vir kringetjies maak, piekniektafels neersit en kos uitpak. Elkeen was vir homself verantwoordelik vir wat te ete en drinke was, maar die verskeidenheid het ’n mens se mond behoorlik laat water. Die “sjerrie” van die vorige konsep was nie vergete nie, en ’n klein glasie jerepiko het by die ontvangs op elkeen gewag om die stembande te olie.



*Die Vrolike Musikante orkeslede (agter van links) is Sedrick Taljaard (kitaar & sang), Dolf Scheepers (bekfluitjie), Adele Scheepers (sang), Anelma East (klavier), Thinus Ries (klawerbord), Judy Viljoen (sang), Hanlie Haasbroek (baskitaar), Serfie Potgieter (kitaar & sang), Trix Buckle (sang & tamboeryn) en Johann Botha (sang). Giel Maree (tromme) was afwesig toe foto geneem is. Voor in die middel staan Sandra Taljaard (hooforganiseerder) met by haar van links die klankmanne JC Hanekom, Albertus Bezuidenhout, Nico Muller en Drikus Haasbroek*

Onder die bekende Afrikaanse en Engelse liedjies was Afrikaners is plesierig, Osbraai op Kromdraai, Obladi Oblada, Green Green Grass of Home, Kinders van die Wind en Stuur groete aan Mannetjies Roux. Gelukkig vir diegene wat al begin vergeet het, is die woorde op ’n groot skerm vertoon.

’n Groot dankie is verdien deur die organiseerders, onder leiding van Sandra Taljaard, wat besef het dat die verdwyning van die gebruiklike Sop- en Sjerrieaand ’n leemte gelaat het wat gevul moes word. Ruimte is ook gelaat vir ’n koffiebreek, en Wolfgang Steinbach en Chris Geldenhuys het die nodige hupstoot gegee vir die laaste ent saamsing balke toe.

Almal het die aand geniet, en niemand sou verbaas wees as die Vrolike Musikante gevra word om hul slag ook elders te gaan wys nie.








**_‘n Tikkie hartseer by ‘n vrolike aand: Afskeid is geneem van mev. Hennie van Vuuren, ‘n staatmaker van die Bettysbaaise gemeenskap wat vandeesweek na ‘n aftree-oord in die Strand verhuis_**



# Sendingnuus: Free to Serve

Dr. Johann Snyman en sy vrou Elna het 32 jaar gelede die organisasie Free to Serve geskep met die roeping om die evangelie te neem na 'n deel van Indië, die land met die grootste bevolking in die wêreld.

Hulle twee kon nie die uitnodiging na ons gemeente se ontbyt-geleentheid tydens die Getuienisweek in Augustus aanvaar nie. Johann het gesondheids-probleme ontwikkel. Hulle het wel 'n brief geskryf om vir ons gemeente dankie te sê vir die jarelange ondersteuning deur gebed, geldelike bydraes en meelewing. Ons gemeente is die een wat hulle die langste reeds ondersteun.



Deur die jare is die werk uitgebrei na 'n deel van die Wes-Kaap en vyf lande in die 10/40-venster, nl. Indië, Thailand, Laos, China en Myanmar. In Indië is 'n paar duisend sendelinge opgelei en sowat 120 kerke geplant. In die ander lande 'n verdere 78 nuwe kerke. Op talle plekke is bedieninge gevestig – gerig op die jeug, kinders, vroue en klein gemeenskappe. Veral in Kerstyd is die evangelie met talle onbereiktes gedeel.

Wanneer Johann en Elna in die nabye toekoms die tuig gaan neerlê, word die werk voortgesit deur nuwe leiers wat ervare wêreldsendelinge is. Ons gemeente gaan DV voort om hulle te ondersteun.

In hulle brief herinner Johann en Elna ons aan Moeder Theresa se woorde: "Let's do something beautiful for God".

Johann is die afgelope week suksesvol geopereer. Daarvoor dank ons die Here saam met hulle.

# WITNESS MINISTRY

A Joint Ministry

- URCSA Cape Regional Synod
- DRC in South Africa
- Reformed Church in Africa

# NG Gemeente Kogelberg

**nooi jou uit na 'n gesprek met Dr Manasseh Matiquele (Rektor van Hefsiba) en Dr Daniël de Wet (Getuienisaksie van Kaapkerk) oor die werk van Hefsiba ('n Christelik Hoër Onderwys Instituut) in Mosambiek.**

**Vrydag 18 September 2026 | 10:00 - 12:00**

**TYD-Kuierruimte by Kleinmondkerk**
**Vierdelaan 67**

Laat weet ons dat jy die geleentheid gaan bywoon ter wille van verversings, deur 'n WhatsApp te stuur na 076 134 7157 teen Maandag 14 September 2026 om 12:00



# Geloofsvorming




## 1&2 Oktober



# Dissipels maak dissipels

*Alle gelowiges en lidmate van ons gemeente is dissipels van Jesus wat ook as gestuurdes van Jesus ander mense sy dissipels maak. Ten einde hierdie voorreg en roeping uit te leef, moet ons mekaar bemoedig, help en toerus. Hierdie dissippelmaking en dissipel wees vir ander moet deurentyd of algaande deel wees van ons hele gelowige gemeenskap en ons doel is om elke lidmaat hiermee te help.*

*Ons gemeente het verskillende toerustingsgeleenthede soos byvoorbeeld die "Die dissipelskapreis" en "Die Plan" en die nuwe kursus "Dissipels maak dissipels" om ons te help om dissipelmakers te wees. Hierdie toerusting is aanvullend tot mekaar en is nie in kompetisie met mekaar nie. Die verskeidenheid gee lidmate die geleentheid om toegerus te word op 'n plek, tyd en lengte wat hulle omstandighede pas.*

**Doel:** Om lidmate te help om beter dissipels en dissipelmakers te wees.

**Wanneer:** Weekliks vanaf **21 September tot 7 Desember** (10 byeenkomste), vakansie uitgesluit.

**Tydsduur: 2 ure** per byeenkoms.

**Tyd**: Na-ure soos ooreengekom met die kursusgangers.

**Waar:** Die plek **(Kleinmond of Hangklip)** word bepaal deur die meerderheid kursusgangers van 'n streek.

**Koste: R 200**

**Aantal:** Beperkte aantal kursusgangers. Die kursus word waarskynlik jaarliks aangebied.

**Inskrywings:** Inskrywingsvorms beskikbaar by Ryk van Velden (082 857 4368).

**Inskrywings sluit 13 September.**

## *REGISTRASIE- EN BESTELVORM VIR DEELNEMERSWERKBOEK*
## *Dissipelmaking Opleiding: 21/09/26 tot 07/12/26*

*Hiermee die registrasie- en bestelvorm vir Deelnemerswerkboek. Die Deelnemerswerkboek is beskikbaar en word gelyktydig bestel by registrasie by die aanbieders van die kursus.*

*Ons herinner jou ook daaraan dat lidmate wat die kursus voltooi ook 'n sertifikaat ontvang.*

### *Registrasie*

*Registrasie vir die kursus en bestellings vir die Werkboek word geplaas deur onderstaande vorm volledig in te vul en te epos na Ryk van Velden rvanvelden@hotmail.com. Die vorm kan ook afgelewer word by Ryk van Velden (117 5de Laan, Kleinmond).*

### *Betaling*

*Bewys van betaling moet jou bestelling vergesel. Inbetaling moet gemaak word aan: NG Kerk Kleinmond, ABSA (3220-150-320), Verwysing: Naam en Van & DMD (bv. J Smit DMD). Stuur bewys na: admin@ngkogelberg.co.za*

*Kontantbetalings by Ryk van Velden.*

*Die koste van die kursus is R 200 en sluit die Werkboek in.*

**DISSIPELS MAAK DISSIPELS**

**KURSUSREGISTRASIE- EN BESTELVORM DEELNEMERSWERKBOEK**

**Naam en Van** ..........................................................................................................

**Streek (Hangklip/Kleinmond)** ...............................................................................

**E-posadres** ............................................................... **Tel/sel** .....................................

**Handtekening** ........................................................ **Datum** ....................................

## *"So bid ouers vir hulle kinders"*

Vader, ek dank U vandag vir my kinders.

Dankie dat U goed is en dat U goedertierenheid tot in ewigheid is. Here, wanneer my kinders deur moeilike tye gaan, wanneer hulle onseker is of nie weet watter pad om te kies nie, wees U hulle Leidsman. Lei hulle op die regte pad en bring hulle by die plek waar U vir hulle wil hê om te wees.

Wanneer hulle bang is, wees U hulle beskerming. Wanneer hulle hartseer is, wees U hulle troos. Wanneer hulle swak voel, wees U hulle krag. Wanneer hulle verkeerde keuses gemaak het, trek hulle terug na U toe en wys hulle die pad van herstel.

Here, soos Psalm 107 sê, het hulle tot U geroep in hulle benoudheid, en U het hulle uit hulle angste uitgelei. Ek bid dat my kinders altyd sal leer om eerste na U toe te hardloop.

Bewaar hulle teen verkeerde vriende, verkeerde invloede en alles wat hulle van U af kan wegtrek. Gee hulle wysheid om tussen reg en verkeerd te onderskei. Gee hulle 'n hart wat U liefhet en 'n begeerte om U Woord te ken.

Here, stuur U Woord om hulle te genees en hulle uit hulle kuile te red. Bewaar hulle liggaam, verstand, hart en toekoms.  Ek vertrou my kinders aan U toe, Here. Ek kan hulle nie elke oomblik beskerm nie, maar U kan. U sien hulle wanneer ek hulle nie kan sien nie. U ken hulle harte, hulle vrese, hulle drome en hulle toekoms.

Dankie dat U 'n God is wat hoor wanneer ons roep. Dankie dat U hulle nooit verlaat nie.

"Laat hulle die Here loof om sy goedertierenheid en om sy wonderdade aan die mensekinders." – Psalm 107:8

Ek verklaar vandag dat my kinders aan U behoort. Lei hulle, beskerm hulle, vorm hulle en bring hulle nader aan U.

In Jesus se Naam.
Amen.

# Dinsdag




# Woensdag



# Woensdag




# Donderdag



**VGK KLEINMOND**

# WIT OLIFANT Tafel

**Saterdag 3 OKT**

Het jy items wat jy graag wil skenk? Kontak gerus vir ds. Anthony (071 829 7703) of ds. Carl (082 908 9825)



## Kan jy help?

*Ons is op soek na Suid-Afrikaanse vlae, springbokvlae, baniere, tafeldoeke en enige ander dekor-items. Ons wil graag hierdie items leen vir die Erfenisdag Braaifees.*

*Items kan by die Kerkkantoor afgelaai word.*

Dankie

## Hangklip KUIERBASAAR

**7 NOVEMBER** 09:30 –13:00

**Ons het vrywilligers nodig om te help.**

**Gee jou naam op by Reinier 082 883 1135.**

# Die Omgee Boetiek

## by die Kerksaal *in Eerste Laan*




**Ons ontvang donasies uit die gemeente.**

Ons genereer fondse deur goeie kwaliteit items **billik te verkoop.**

Ons versprei ook voorraad na mense wat **behoeftig of in nood is.**

*Besoek ons*

**Maandae en Vrydae**
**(10:00 tot 12:00vm)**

*en kom snuffel self!*

Elke aankoop maak 'n verskil. Elke bydrae bring hoop.

Kontakpersoon:
**Corrie Hugo**

**084 877 5356**

*Dankie vir jou omgee!*

Omgee. Deel. Hoop gee. ♡ Saam maak ons 'n verskil.


NG KOGELBERG
bied aan
ERFENISDAG
BRAAIFEES
BRAAIVLEIS • LEKKER MUSIEK • KUIER SAAM
24 SEPTEMBER
12:00 – 15:00
NG KERKSAAL
1ste Laan 26, Kleinmond
Kom kuier en eet saam!
BOEREWORSROLLE
ROOSTERKOEKE
SOSATIES
SNOEK & SOET PATATS
POTJIEKOS
GRATIS
KONDENSMELK-KOFFIE
SOETIGHEID

| | |
|---|---|
| Snoek & Soet Patats | R50 |
| Potjiekos-ete | R80 |
| Hoender-sosatie | R30 |
| Boereworsrol | R35 |
| Roosterkoek (gewoon) | R10 |
| Roosterkoek (konfyt) | R15 |
| Roosterkoek (kaas & konfyt) | R20 |
| Soetigheid (per item) | R10 |
| Koffie of Tee | *Gratis* |
| Water | R10 |
| Gemmerbier | R15 |
| Lemonade | R15 |
| Rooibos-ystee | R15 |


ERFENISDAG BRAAIFEES

24 SEPTEMBER

**Guelph Teater, Kleinmond**

**in samewerking met NG Gemeente Kogelberg**

**bied aan**




Cantare Mannekoor

In Harmonie Dames Ensemble

Mannekwartet “Fier”

**20 September 2026**

15:30 vir 16:00

**NG Kerk, 4e Laan, Kleinmond**

R50pp betaalbaar by deur

Gemeenskaps-

# DAGBOEK



# Veels geluk...

## Saterdag 5 September

Johan Edwards 082 388 1776 (Bb1)
Leatitia Kruger (Bb2)
Tarique Mostert (PB2a)
André Naudé (PM4)
Chris Potgieter 084 614 5167 (KB1)
Elaine Reitsma 072 207 9588 (Sb1)

## Sondag 6 September

Marie Delport 082 460 6161 (PB2b)
Margaret Lubbe 084 510 0415 (KB6)
Deon Nieuwoudt der Have 072 828 2373 (HK3)
Ronél van Tonder 079 514 3340 (BB6)
Wena van Wijk 072 187 6655 (KP1)

## Maandag 7 September

Maret Hattingh 083 701 0210 (PM5)
Dean Ludick (PM1)
Pieter Meyer 082 956 8709 (BB2)

## Dinsdag 8 September

Magda du Preez 076 092 8588 (Sc2)
Elseline Rörich 082 459 0550 (BB2)
Deon Scheun 084 506 4521 (BB3)
Louise Schubert 082 782 3742 (Sc4)
Lauwrens Steyn 083 387 7339 (Sa1)

## Woensdag 9 September

Emma Burls (Ba3)
Koos Eloff 083 462 1295 (BB6)
Lida Louw 082 327 7146 (PM3)
Philip Meyer 082 887 0094 (PM4)
Rita Rheeder 073 693 7564 (Ba2)
Kamé Richards (BB3)
Rika Theron 083 454 8496 (KB2)
Fanie van Deventer 073 997 2144 (Ba1a)

## Donderdag 10 September

Schalk Boonzaaier 087 808 7516 (KB1)
Louis Henry Jordaan 072 210 9044 (Sc2)
Erna Thirion 082 889 3424 (BB4)

## Vrydag 11 September

Ledivia de Reuck 082 455 0318 (BB2)
André Fourie074 710 9332 (BB2)
Martha Kleinhans (BB6)
Valeria Kleinhans (BB6)
Frik le Roux 082 895 0870 (BB6)
Toppie Stofberg 083 530 5029 (RE)
Rina Thompson 082 333 1543 (RE)

# Keer terug!

Esegiel 33:1–11

## Daar is nog lewe.

**1. Gesels bietjie saam...**
- Het jy al ooit besef dat jy op 'n pad is wat nie goed vir jou is nie, maar dit was moeilik om om te draai?
- Waarom is dit soms so moeilik om te erken: "Ek moet van rigting verander"?

**2. Ons storie nou...**
- Ons almal maak foute, maar soms kan ons so vasgevang raak in wat ons verkeerd gedoen het dat ons dink ons kan nie meer verander nie. Waarom dink jy hou ons soms aan om onsself aan ons verlede te meet?
- Wat maak dit vir 'n mens moeilik om iemand anders te waarsku wanneer jy bekommerd is oor die pad waarop hulle is?

**3. God se storie...**
- Lees Esegiël 33:7–11 as groep saam uit twee of drie verskillende vertalings en verken dan die teks aan die hand van die volgende vrae:
- Die woord "waarsku" kom telkens voor. Waarom dink jy is dit vir God belangrik dat mense gewaarsku word?
- Die wag se doel is nie om mense te veroordeel nie, maar om hulle te waarsku sodat hulle kan leef. Wat leer dit ons oor die doel van God se waarskuwings?
- Die volk sê: "Ons oortredings en ons sonde druk op ons... hoe kan ons bly leef?" Wat dink jy lê agter hierdie woorde?
- God sê: "Ek vind geen vreugde in die dood van die goddelose nie." Wat leer hierdie woorde ons oor God se hart teenoor mense wat van Hom af weggedraai het?
- God herhaal: "Keer terug, keer terug van julle bose paaie!" Waarom dink jy herhaal God hierdie oproep?

**4. Hoe die Bybel ons storie verander...**
- Is daar iets in jou lewe waarvan jy weet jy moet omdraai of waarvan jy moet wegbeweeg?
- Hoe kan ons as gelowiges mense waarsku en die waarheid praat sonder om hulle te veroordeel?
- Wie in jou lewe het dalk hierdie week 'n woord van hoop, waarheid of genade nodig?

**5. Sluit af met geleentheid vir gebed...**
Kom ons bid saam dat God ons harte oopmaak om Hom te hoor en ons te leer om, soos Franciskus, met eenvoud, vrede en liefde te leef, oop vir waar Hy ons roep om om te draai, te volg en 'n instrument van sy vrede te wees.

**6. Ons lees dié week uit die Woord...**
Lees gerus die volgende teksgedeeltes uit die Woord en oordink dit hierdie week onder leiding van die Heilige Gees:
- Maandag - Eks 14:19-31
- Dinsdag - Gen 50:15-21
- Woensdag - Rom 14:1-12
- Donderdag - Matt 18:21-35
- Vrydag - Psalm 149